

Beleef God se genade – Romeine

SPLINTERnuwe mense, Ons voorreg en ons taak: Romeine 5-6

- Romeine 5-8 handel oor nuwe mense. Paulus bekyk die nuwe vrygespreekte mense nou van naderby. Hoe lyk hulle? Hoe lewe hulle? Rom 5 bring ons by mense wie se saak met God reeds reggemaak is. Ons bevind ons nou midde-in die kerk van Jesus Christus en staan tussen die gemeentelede en luister na Paulus.

Vervolg:

In die rede geval

- Lees Rom 5:12-14; Genesis 2:16-17
- Wie, meen jy, is die een mens van wie in Rom 5:12 gepraat word?
- Is die dood volgens Genesis 2:16-17 en Genesis 3:3, 17-19 die natuurlike en normale einde van ons menslike lewe? Gee 'n rede?
- Na wie verwys die uitdrukking “Hom wat sou kom” in Rom 5:14?

- Die westerse tradisie sien die mens as 'n individu
- In die Bybel word die mens heel eerste as lid van sy gemeenskap gesien.
- Jy is met al die fasette van jou menswees deel van hierdie gemeenskap.
- Die groephoof / familiehoof is baie NB want in hom/haar word die hele groep verteenwoordig.
- In Rom 5:12-21 gaan dit oor twee sulke familiehoofde: Adam en Christus
- Die ADAM familie – voor ons verlossing behoort ons aan hierdie familie.
- In ons verbondenheid aan Adam het ons almal sondaars en ter dood veroordeeldes geword.
- Is dit onredelik van God om ons in ADAM se lot te laat deel?
- Hoeveel Adam-familietrekke sien jy nog in jou daaglikse doen en late?
- Ons moet oorgeplant word uit die Adamfamilie in die Christus familie.

Ons ou Familie en ons NUWE familie

- Die ooreenkomste tussen Adam en Christus en diegene wat aan hulle verbonde is.
- LEES Rom 5:15-21
- Onderstreep die woordjie MAAR in Rom 5:15-17.
- Sê in jou eie woorde watter twee sake Paulus in Rom 5:15-17 teenoor mekaar stel?
- Hoeveel keer kom die woorde SOOS en SO in v18-20 voor
- Watter vergelyking probeer Paulus daardeur tref wat vir ons van belang is?

- Die genade doen veel meer as om net Adam se sonde te kansleer. In die genade van God gaan dit oor die oorvloed van God se liefde wat nie net Adam se sonde nie maar ook al ons sondes toemaak.
- Die kontras tussen die twee families word met woorde soos: anders, oorvloediger, maar en veel meer, uitgelig.
- Is jy daaglik genoeg bewus van hierdie oorvloedige genade en seën wat vir jou beskikbaar is?
- Die een familie behoort tot die sondige ou wêreld, die ander tot God se nuwe wêreld.
- Die een vertel van straf, die ander van genade.
- Die een vertel van die loon op die sonde, die ander van die heerlike geskenk van God.
- OORVLOED[iger] Dit is die genade op genade waarvan Johannes skryf [Joh 1:16]
- Dink aan al die bewyse van God se genade in jou lewe.

Leef die opstandingslewe

- Lees Romeine 6:1-11; Gal 2:19; 5:24
- Die gedagte van kruisiging en dood kom in Romeine 6:2-11 baie sterk voor. Onderstreep al die woorde in hierdie gedeelte wat daarmee te doen het.
- Die dieselfde met die gedagte van opstanding en lewe.
- Die klem op die genade kan maklik verkeerd vertolk word.
- Ons kan nie maar lustig sondig sodat die genade toeneem nie... Of impliseer die genade dat ons sonde ligtelik kan opneem.
- Bonhoeffer het gesê dat die reformasie die genade goedkoop gemaak het omdat ons nagelaat het om Jesus se eis van dissipelskap saam met die genade te beklemtoon.
- Die sonde is absoluut onhoudbaar in 'n Christen se lewe.
- 'n Christen is iemand wat dood is vir die sonde en leef vir God.
- Die doop is die uiterlike handeling waarmee ons ingelyf is in die DOOD van Jesus.
- Ons ou mens het saam met Christus aan die kruis gehang.
- Ons het saam met Jesus uit die dood opgestaan – nuutgemaakte mense
- 'n Christen se sonde is 'n onmoontlike moontlikheid.
- Dit is iets ondenkbaars en tog moet ons daaglik bely dat ons die ondenkbare doen.
- Wees wat jy in Christus reeds is ... Leef volgens jou status, Jy het saam met Christus opgestaan.

Ons staan onder 'n nuwe koning

- Lees Rom 6:12-14; Ef 6:10-17
- Oor watter twee konings gaan dit in Rom 6:12-14
- Is ons drange as sodanig verkeerd? Gee 'n rede.
- Noem 'n paar sondige begeertes wat onverloste mense se lewe kenmerk.
- Verduidelik hoe 'n mens se verstand 'n werktuig van ongeregtheid of van geregtigheid kan wees.

- Paulus se tweede invalshoek oor hoekom ons nie in die sonde mag voorleef nie.
- Of God is my koning of die sonde regeer oor my.
- Ons moenie toelaat dat die sonde oor ons heerskappy voer nie.
- Die swakste plek in ons mondering is die begeertes van ons sterflike aardse bestaan.
- Ons is daarmee geskep maar ons begeertes het ontaard in hartstogte en drange en luste wat 'n skrikbewind voer.
- Hoe gebruik ons ons liggaamlike en geestelike vermoëns?
- Om goddeloosheid te bedryf of as 'n werktuig om te doen wat God wil.
- Ons kry hier 'n belangrike riglyn vir ons stryd teen die sonde. Dieselfde deel van jou menswees wat jou soveel tranen en stryd besorg, moet jy nie ontken of wegwens nie, jy moet dit juis omkeer en tot God se beskikking stel.

'n Nuwe baas en nuwe toekoms

- Lees Rom 6:15-23; Kol 3:22; 1 Tim 6:1-2; Titus 2:9-10
- Stem jy saam dat die gedagte van EIENAAR en SLAAF in Rom 6:15-22 'n belangrike rol speel? Motiveer...
- Noem 'n aantal vereistes wat in Kol 3:22; 1 Tim 6:1-2 en Titus 2:9-10 aan die Christenslaaf gestel word.
- Die Christelike lewe en die stryd teen sonde word nou uit nog 'n hoek belig. Elke Romeinse Christen sou die beeld van slawe en eienaars goed verstaan. Selfs die gewone romeinse burger het 'n paar slawe besit.
- 'n Slaaf moes absoluut en onvoorwaardelik gehoorsaam wees. Voorheen was die Christen gehoorsaam aan baas sonde.
- 'n Gewone slaaf se gehoorsaamheid was egter SLAAFS – hy het nie 'n keuse nie.
- Die Christen se gehoorsaamheid aan God is vrywillig, dit kom voort uit dankbaarheid en liefde.
- Met watter motief dien jy die Here? Omdat jy bang is vir God se straf, om krediete by God op te bou as versekering dat dit met jou goed sal gaan, of uit liefde en dankbaarheid.
- Ons vorige lewe – Voorheen het hulle hul lewens in diens van sedelike onreinheid en wetteloosheid gestel, nou moet hulle elke vermoë waaroor hulle beskik in diens van God stel en heilig leef.
- Ons praktiese Christenskap is baie belangrik vir God.
- Die vierde argument oor hoekom ons nie in die sonde mag voortleef nie: Die nuwe toekoms wat vir ons voorlê.
- Vergelyk die vrug van sondediens met die vrug van diens aan God.
- Wie besef dat die sonde se “salaris” die ewige dood is, maar dat God se genadeloon die ewige lewe is, weet dat 'n mens nie langer in die sonde kan voortleef nie.